Laerskool Mikro

Handboekwerk:

Dinsdag 5 Mei 2020

Luister en praat Tema 7 – Bladsy 61 tot 62

Inleiding

Kyk na die foto en beantwoord die vrae.

1. As jy na die foto kyk, sou jy ook graag daar wou wees? Hoekom sê jy so?
2. Almal hou van vakansies. Hoekom dink jy so?
3. Wat doen jy die heel graagste gedurende vakansies?
4. Waar wil jy die graagste gaan vakansie hou? In 'n stad, by die see, in die natuur soos 'n wildtuin, op 'n plaas?
5. Hoe wil jy die graagste vakansie hou? Kampeer, stap, visvang, swem, of ...?

A Luister en praat

'n Kiewiet

'n Leeu

Bespreek die volgende vrae in die klas:

1. Wat dink jy beteken "leeuemoed"?
2. Beskryf die verskille tussen 'n kiewiet en 'n leeeu.
3. Waaroor dink jy kan 'n storie met die titel, *Die leeuemoed van 'n kiewietjie*, gaan?

Luister na 'n dierestorie

Luister nou aandagtig na *Die leeuemoed van 'n kiewietjie* en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Bespreek die storie se dierekarakters.
2. Waar speel die gebeure af?
3. Die kiewietjie word beskryf deur "kiertsregop", "dapper", "manmoedig". Wat sê dié woorde van die dier?
4. Hoekom word die buffelbul beskryf met woorde soos "groot", "dreigend", "woedend"?
5. Wat is die les van die storie?

Tema 7: Natuurlik! (Storie)

Die leeuemoed van 'n kiewietjie

Net voor sononder staan 'n kiewietjie kiertsregop in 'n wildspaadjie in die Krugerwildtuin naby Mopani-kamp. Haar twee klein kuikentjies agter haar. 'n Trop buffels kom tussen die mopani-bome in dieselfde paadjie aangestap. Aan die voorpunt is 'n groot buffelbul. Die kiewietjie staan dapper in die paadjie – sy dink nie eers daaraan om op te vlieg nie.

Naby die kiewiet-ma laat sak die buffelbul sy kop en swaai sy horings dreigend heen en weer. Hy blaas woedend deur sy neus ...

Die kiewiet sprei haar vlerkies manmoedig oop en begin al hoe harder te kwetter. Die buffelbul gaan staan doodstil in die paadjie en kyk die kiewietjie aan. Die veldvoëltjie laat sak haar vlerkies, maar deins steeds nie terug nie.

Skielik gebeur die onmoontlike: die buffelbul gee 'n tree terug en lei dan sy trop met 'n ompad om die kiewiet en haar kuikens.

Idiome – Bladsy 63

Tref met taal

- Met leeuemoed veg: baie dapper, met die moed van 'n leeu
- Hy gedra hom soos 'n buffel: ongeskik en onbeskof
- Ek het 'n voëltjie hoor fluit: 'n storie gehoor, maar weet nie of dit waar is nie.

Kyk in 'n woordeboek wat hierdie idioom beteken: Iemand om die bos lei